kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: "Tussen my en jou . . ."

Skriflesing: Johannes 3:14-21

Broodjies vir die pad

"And now here is my secret, a very simple secret: It is only with the heart that one can see rightly; what is essential is invisible to the eye."
— Antoine de Saint-Exupéry, The Little Prince

"The secret and the sacred are sisters. When the secret is not respected, the sacred vanishes. Consequently, reflection should not shine too severe or aggressive a light on the world of the soul."
— John O'Donohue, Anam Cara: A Book of Celtic Wisdom

"Part of the inner world of everyone is this sense of emptiness, unease, incompleteness, and I believe that this in itself is a word from God, that this is the sound that God's voice makes in a world that has explained him away. In such a world, I suspect that maybe God speaks to us most clearly through his silence, his absence, so that we know him best through our missing him."
— Frederick Buechner, Secrets in the Dark: A Life in Sermons

"Everybody talks, but there is no conversation."
— Dejan Stojanovic, The Sun Watches the Sun

"The art of conversation is the art of hearing as well as of being heard."
— William Hazlitt, Selected Essays, 1778-1830

"So, listen, to yourself and to those with whom you are speaking. Your wisdom then consists not of the knowledge you already have, but the continual search for knowledge, which is the highest form of wisdom."
— Jordan B. Peterson, 12 Rules for Life: An Antidote to Chaos

"If we want to grow as teachers -- we must do something alien to academic culture: we must talk to each other about our inner lives -- risky stuff in a profession that fears the personal and seeks safety in the technical, the distant, the abstract."
— Parker J. Palmer, The Courage to Teach: Exploring the Inner Landscape of a Teacher's Life

"People organize their brains with conversation. If they don't have anyone to tell their story to, they lose their minds. Like hoarders, they cannot unclutter themselves."
— Jordan B. Peterson, 12 Rules for Life: An Antidote to Chaos

"For what we need to know, of course, is not just that God exists, not just that beyond the steely brightness of the stars there is a cosmic intelligence of some kind that keeps the whole show going, but that there is a God right here in the thick of our day-by-day lives who may not be writing messages about himself in the stars but who in one way or another is trying to get messages through our blindness as we move around down here knee-deep in the fragrant muck and misery and marvel of the world."
— Frederick Buechner, Secrets in the Dark: A Life in Sermons

"I have come to believe that by and large the human family all has the same secrets, which are both very telling and very important to tell. They are telling in the sense that they tell what is perhaps the central paradox of our condition—that what we hunger for perhaps more than anything else is to be known in our full humanness, and yet that is often just what we also fear more than anything else. It is important to tell at least from time to time the secret of who we truly and fully are—even if we tell it only to ourselves—because otherwise we run the risk of losing track of who we truly and fully are and little by little come to accept instead the highly edited version which we put forth in hope that the world will find it more acceptable than the real thing. It is important to tell our secrets too because it makes it easier that way to see where we have been in our lives and where we are going. It also makes it easier for other people to tell us a secret or two of their own, and exchanges like that have a lot to do with what being a family is all about and what being human is all about."
— Frederick Buechner, Telling Secrets

God wat pandemiebekers skink,
laat soms die mens vrank druiwe drink –
onthou dan, mens, die kruis, die hisoptak,
die léwenswyn wat daarop blink.

Versindaba – Kwatrynwedstryd (38)

Om te reis is meer as 'n besoek aan verafgeleë plekke

RRV

Heelwat van die liedere op die Australiese sanger Nick Cave se nuwe album Carnage (met Warren Ellis) gee uitdrukking aan ervarings van verlies en verlange. Die roerende lied "Albuquerque," byvoorbeeld, begin met die woorde "This morning crawls towards us, darling/ With a memory in its paws." Waarop later volg: "And we won't get to Amsterdam / Or that lake in Africa, darling / And we won't get to anywhere / Anytime this year, darling."

Dié lied verwoord iets van die gemis wat die Covid-19-reisbeperkings meebring. Baie is al geskryf oor die waarde van reis, ook vir die verruiming van die gees. Soos Dietrich Bonhoeffer se opmerking dat reis net so belangrik vir ons opvoeding is as die bestudering van klassieke tekste. Maar, sou ons kon toevoeg, die kuns van reis is nie bloot in die besoek aan 'n veraf bestemming soos Amsterdam of Albuquerque geleë nie.

In hierdie sin bied Franz Kafka se baie kort en enigmatiese kortverhaal "Das nächste Dorf" ("Die naburige dorp"; 1917) stof tot nadenke. Dit lui soos volg: "My oupa het altyd gesê: 'Die lewe is verstommend kort. Tans is dit in my geheue só saamgepers dat ek kwalik kan begryp hoe ek as 'n jong man

kon besluit om na die naburige dorp te reis, sonder die vrees dat – afgesien van moontlike ongelukkige toevalle – selfs die tydsduur van ’n gewone lang en voorspoedige lewe verreweg nie genoegsaam vir sodanige rit sal wees nie.’”

Kafka se komplekse kortverhaal het al heelwat gesprek ontlok. Die filosoof Walter Benjamin en die dramaturg Bertolt Brecht het dit byvoorbeeld tydens ’n beroemde ontmoeting in Denemarke in Augustus 1934 bespreek. In sy interpretasie daarvan wys Brecht daarop dat die afstand van ’n reis nie soseer saak maak nie, want die persoon wat die rit begin, is anders as die persoon wat by die bestemming aankom. Benjamin laat weer die klem op die idee van herinnering val. Terugskouend kan die geheue, ongeag die afstand, altyd blitssnel terugwaarts reis na waar die rit begin het.

Kafka se kortverhaal, en Brecht en Benjamin se gesprek daaroor, maak dit duidelik dat reis (ook as metafoor vir die lewe) oor meer as die bereiking van ’n bestemming gaan. Dit het te make met herinnering, verbeelding, waarneming en die openheid om verander te word.

En, kan ons byvoeg, met die vriendskap en geesgenootskap met geliefdes. Soos die einde van Cave se lied “Albuquerque” dan ook suggereer: “And we won’t get to Albuquerque / Anytime this year / And we won’t get to anywhere, baby / Unless you take me there.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-om-te-reis-is-meer-as-n-besoek-aan-verafgelee-plekke-20210306

Brood vir die pad

Waar hy wil

Kleintyd dog ek bome maak die wind. Dat hul saambuig en takke-swaai die lug laat beweeg soos klippies in die plaasdam die water laat uitkring. Wind was altyd vir my mooi –die geluid teen dak en ruite, soms met sagte reën ; die tinteling teen jou gesig en lyf; die gesellige ronddans van stowwerige warrelwinde op andersins doodse, warme Swartlandse smiddae. Dikwels sou ek wens die bome wil tog iets doen, begin roer en ruk, dat die wind tog kan waai.

Moenie verbaas wees oor die werkinge van Gods Gees nie, sê Jesus. Die wind waai waar hy wil. Ons hoor sy geluid, maar weet nie van waar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is dit met die Gees (Joh 3: 1-8). Van elke werk wat die Bybel aan die Pinkstergees toeskryf, geld dit. Op ‘n dag besef ons net- dit gebeur.

Ons word gebore, ontvang die lewe - as gawe. Ons ontvang talente en vermoëns . Groei in kennis en insig, ontdek op ‘n dag dat ons iets verstaan. Ons word getroos in moeilike tye, ontvang vrede in ons gemoed, kalmte, rus, selfbeheersing. Ontdek ons word versterk en gedra, ontdek ons leer vertrou. Ons word geroer, geraak, beweeg – begeester, sê ons. Droom, hoop, geinspireer, skep nuwe moed, beleef die wonder van vriendskap, groepsgees, entoesiasme. Ons word gelei in besluite, bewaar in onheil. Ons word bemin en kan bemin. Word vernuwe, verander, soos nuut gebore – en sien in ander, kinders, soms in onsself, iets ontluik van geduld, vrede, trou, nederigheid. En wie weet waar of hoe?

Dis die wonder van Gods Gees. Sy aanwesigheid is altyd ‘n afwesige aanwesigheid. Sy werkinge verborge. Sy vrug ryp geheimenisvol – en is daarom vir misverstand vatbaar. Alles ka nook anders uitgelê word, met ander verklarings, menslik, sielkundig, sosiaal. Alma look waar en reg, want so werk die Gees. Maar met die diepe waarvandane en waarhene tog nie gepeil nie. Te dikwels dink ons dis bome wat die wind laat waai.

Dirkie Smit - Geestelike Waardes in Die Burger, 2007

Jaag jou drome, moenie wag

Wilhelm Jordaan

Ek is versot op TV-talentontdekkingsprogramme waarin gewone mense se besondere talente opeens tot hul eie verbasing en dié van beoordelaars en kykers tot hoogtes kom wat die gemoed beweeg en selfs trane bring.

Ek praat van programme soos Britain’s Got Talent, sy Amerikaanse en ander eweknieë en plaaslike programme soos Idols en The Voice.

Drie oudisies steek by my vas. Dié van die onaansienlike-Brit Paul Potts, wat by van die beoordelaars- ’n siniese, smalende laggie ontlok het totdat hy Puccini se “Nessum Dorma” gesing en almal oorrompel het. Ook dié van die priester Ray Kelly, wat eweneens traak-my-nie-agtig behandel is. Toe sing hy R.E.M. se “Everybody Hurts”: “When your day is long / and the night, the night is yours alone / When you’re sure you had enough / Of this life, well hang on / Don’t let yourself go / ’Cause everybody cries / And everybody hurts sometimes . . .” En almal was oorstelp.

En dié van ons eie toe onbekende Elvis Blue (Jan Hoogendyk), wat kitaar in die hand Leonard Cohen se “Halleluja” gesing en opgedra het aan ’n MIV/vigslyertjie van George. Toe het die beoordelaars (Dave Thompson, Randall Williams en Gareth Cliff) gereken hy kan daardie jaar die Idols-wenner wees. En hy was.

In baie gevalle waar diesulkes met applous en adorasie begroet word, is dit mense wat geen werklike aansien in ’n beroep het nie, wat handearbeid verrig, los werkies doen en selfs werkloos is, of sukkelend aan hul talent uiting probeer gee. En nou opeens is daar geleenthede wat hulle met passie aangryp.

Dis dan wanneer ek dink aan duisende ander mense (familie, vriende, kennisse en baie onbekendes) wat werklik talentvol is, maar nooit die geleentheid gekry of gegun is om van hul talent bewus te raak of te beoefen nie. Hulle is dalk gelukkig en tevrede met hul lewe en bly maar net droom oor moontlikhede anderkant die horison. Of hulle lei vaal, vervelige lewens met ’n vervelige werk wat eintlik niks van hulle eis nie.

Dis húlle aan wie ’n mens die psigiater/digter Bernard Levinson se gedig “For Rachel” wil opdra: “Rachel lives in a cocoon. / She is obsessed / with the endless tangle / of silken threads. / When will / she discover / she is a butterfly?”

So is daar baie lewens wat op so baie maniere toegespin word deur uitmergelende lewenseise, beproewings, dom keuses, vals ideale, onbenullighede, buitensporige leefstyljagtery, negatiewe selfspraak, swak dissipline en vele meer. En wat verhinder dat mense kan word en wees dít wat diep in hulle verskuil is of wat vir daardie “eendag” wat nog kan kom, eenkant gebêre word.

In sulke mense leef daar dalk iets van die jong seun Oliver in Charles Dickens se roman Oliver Twist. In die Armehuis vra die honger Oliver “vir meer” en in die trant van die verhaal word dit (om vir meer te vra) ’n metafoor vir die verlange na meer menswaardigheid en die verwerkliking van bedekte potensiaal.

Daar is soveel in elkeen wat wag op ontluiking en ontvouing . . .

** Jordaan is ’n emeritus-professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/jaag-jou-drome-moenie-wag-20210309

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877